MENIKO

DIE PROVINSIE TRANSVAAL
THE PROVINCE OF THE TRANSVAAL

# Buitengewone Offisiële Koerant
# Official Gazette Extraordinary

Verkoopprys: **R1,30** ◇ Buitelands **R1,70**
Selling price: **R1,30** ◇ Other countries **R1,70**

Vol. 237 PRETORIA, 16 MAART MARCH 1994 No. 4985

## Administrateurskennisgewing

**Administrateurskennisgewing 104 16 Maart 1994**

WET OP OMGEWINGSBEWARING, 1989
(WET No. 73 VAN 1989)

VOORGENOME VERKLARING, NAAMTOEKENNING EN UITVAARDIGING VAN VOORSKRIFTE KRAGTENS ARTIKEL 16 (1) EN 16 (2) VAN 'N BESKERMDE NATUUROMGEWING: ATHERSTONE BESKERMDE NATUUROMGEWING

Ingevolge artikel 32 van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No. 73 van 1989), word hierby kennis gegee dat die Administrateur van voorneme is om kragtens artikel 16 (1) en 16 (2) van genoemde Wet 'n beskermde natuuromgewing te verklaar, aan die gebied 'n naam toe te ken en voorskrifte uit te vaardig soos in die Konsepkennisgewing hieronder uiteengesit.

Belanghebbende persone word hiermee versoek om kommentaar te lewer in verband met die voorgenome verklaring, naamtoekenning en uitvaardiging van voorskrifte binne 30 dae na die datum van hierdie kennisgewing—

(a) deur dit na die volgende adres te stuur:

Direkteur-generaal
Transvaalse Provinsiale Administrasie
Privaatsak X209
PRETORIA
0001; of

(b) deur dit in te handig by—

Direkteur-generaal
Transvaalse Provinsiale Administrasie
Kamer 903
Karel Schoeman-gebou
Skinnerstraat 179A
PRETORIA.

**D. J. HOUGH,**
Administrateur van Transvaal.

## Administrator's Notice

**Administrator's Notice 104 16 March 1994**

ENVIRONMENT CONSERVATION ACT, 1989
(ACT No. 73 OF 1989)

INTENDED DECLARATION, ALLOCATION OF A NAME TO AND ISSUING OF DIRECTIONS UNDER SECTION 16 (1) AND 16 (2) OF A PROTECTED NATURAL ENVIRONMENT: ATHERSTONE PROTECTED NATURAL ENVIRONMENT

In terms of section 32 of the Environment Conservation Act, 1989 (Act No. 73 of 1989), notice is hereby given that the Administrator, under section 16 (1) and 16 (2) of the said Act, intends to declare a protected natural environment, allocate a name to the area and issue directions, as is set out in the Draft Notice below.

Interested parties are hereby requested to submit comments in connection with the proposed declaration, allocation of a name and the issuing of directions within 30 days after the date of this notice—

(a) by posting it to the following address:

Director-General
Transvaal Provincial Administration
Private Bag X209
PRETORIA
0001; or

(b) by handing it in at—

Director-General
Transvaal Provincial Administration
Room 903
Karel Schoeman Building
179A Skinner Street
PRETORIA.

**D. J. HOUGH,**
Administrator of the Transvaal.

# KONSEPKENNISGEWING

WET OP OMGEWINGSBEWARING, 1989 (WET No. 73 VAN 1989): VERKLARING, NAAMTOEKENNING EN UITVAARDIGING VAN VOORSKRIFTE KRAGTENS ARTIKEL 16 (1) EN 16 (2) VAN 'N BESKERMDE NATUUROMGEWING: ATHERSTONE BESKERMDE NATUUROMGEWING

Ek, Daniël Jacobus Hough, Administrateur van Transvaal, kragtens artikel 16 (1) van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No. 73 van 1989), en nadat aan die bepalings van artikel 32 van genoemde Wet voldoen is, verklaar hierby die gebied in Bylae I omskryf tot 'n beskermde natuuromgewing, om bekend te staan as Atherstone Beskermde Natuuromgewing en kragtens artikel 16 (2) van genoemde Wet, met die instemming van elke Minister wat belas is met die uitvoering van 'n wet wat na my oordeel betrekking het op 'n aangeleentheid wat die omgewing raak in die Atherstone Beskermde Natuuromgewing wat by Administrateurskennisgewing No. 4985 van 16 Maart 1994 tot 'n beskermde natuuromgewing verklaar is, vaardig hierby die voorskrifte in Bylae II uit.

Gegee onder my Hand te.........................................,
op hede die...............................................................
dag van ...................................................................
Eenduisend Negehonderd Vier-en-negentig.

**D. J. HOUGH,**

Administrateur van Transvaal.

## BYLAE I

OMSKRYWING VAN DIE ATHERSTONE BESKERMDE NATUUROMGEWING

Die plaas GROENGOUD No. 162, Registrasieafdeling KP, Transvaal.

GROOT drie drie nul drie komma ses sewe sewe ses (3303,6776) hektaar.

Die plaas DIEPLAAGTE No. 61, Registrasieafdeling KP, Transvaal.

GROOT een agt een nege komma vier vyf nege ses (1819,4596) hektaar.

Die plaas JACKALSKRAAL No. 45, Registrasieafdeling KP, Transvaal.

GROOT een ses agt agt komma drie ses sewe vier (1688,3674) hektaar.

Die plaas VETBOOM No. 68, Registrasieafdeling KP, Transvaal.

GROOT een agt nul nul komma nul twee ses twee (1800,0262) hektaar.

Die plaas FRANKFORT No. 69, Registrasieafdeling KP, Transvaal.

GROOT twee drie nege nul komma nege sewe drie vier (2390,9734) hektaar.

# DRAFT NOTICE

ENVIRONMENT CONSERVATION ACT, 1989 (ACT No. 73 OF 1989): DECLARATION, ALLOCATION OF A NAME AND ISSUING OF DIRECTIONS UNDER SECTION 16 (1) AND 16 (2) OF A PROTECTED NATURAL ENVIRONMENT: ATHERSTONE PROTECTED NATURAL ENVIRONMENT

I, Daniël Jacobus Hough, Administrator of the Transvaal, under section 16 (1) of the Environment Conservation Act, 1989 (Act No. 73 of 1989), after the provisions of section 32 of said Act have been complied with, hereby declare the area defined in Schedule I to be a protected natural environment, to be known as Atherstone Protected Natural Environment and under section 16 (2) of the said Act, with the concurrence of each Minister charged with the administration of an act which in my opinion relates to a matter affecting the environment in the Atherstone Protected Natural Environment which was declared as a protected natural environment by Administrator's Notice No. 4985 of 16 March 1994, hereby issue the directions in Schedule II.

Given under my Hand at.........................................,
this...........................................................................
day of........................................................................
One thousand Nine hundred and Ninety-four.

**D. J. HOUGH,**

Administrator of the Transvaal.

## SCHEDULE I

DESCRIPTION OF THE ATHERSTONE PROTECTED NATURAL ENVIRONMENT

The farm GROENGOUD No. 162, Registration Division KP, Transvaal.

MEASURING three three nought three comma six seven seven six (3303,6776) hectares.

The farm DIEPLAAGTE No. 61, Registration Division KP, Transvaal.

MEASURING one eight one nine comma four five nine six (1819,4596) hectares.

The farm JACKALSKRAAL No. 45, Registration Division KP, Transvaal.

MEASURING one six eight eight comma three six seven four (1688,3674) hectares.

The farm VETBOOM No. 68, Registration Division KP, Transvaal.

MEASURING one eight nought nought comma nought two six two (1800,0262) hectares.

The farm FRANKFORT No. 69, Registration Division KP, Transvaal.

MEASURING two three nine nought comma nine seven three four (2390,9734) hectares.

Die plaas GROOTVLEI No. 160, Registrasieafdeling KP, Transvaal.

GROOT een agt twee ses komma ses twee vyf nul (1826,6250) hektaar.

Die plaas ZUURVERDIEND No. 167, Registrasieafdeling KP, Transvaal.

GROOT twee drie nege drie komma twee nul agt (2393,208) hektaar.

Die plaas RUST No. 166, Registrasieafdeling KP, Transvaal.

GROOT twee vier agt sewe komma agt sewe drie (2487,873) hektaar.

Die plaas SUMMERFIELD No. 72, Registrasieafdeling KP, Transvaal.

GROOT twee vyf nul ses komma twee nul agt (2506,208) hektaar.

Die plaas SUMMERFIELD NOORD No. 70, Registrasieafdeling KP, Transvaal.

GROOT twee vier nul nege komma een nege nul (2409,190) hektaar.

Die plaas SCHAAPVLEY No. 59, Registrasieafdeling KP, Transvaal.

GROOT twee vier een vyf komma vyf een agt (2415,518) hektaar.

Gedeelte 0000 van die plaas MOORLAND No. 47, Registrasieafdeling KP, Transvaal.

GROOT een drie ses nege komma ses twee sewe vyf (1369,6275) hektaar.

## BYLAE II

### VOORSKRIFTE VAN TOEPASSING OP DIE ATHERSTONE BESKERMDE NATUUROMGEWING

1. Die eiendomme in Bylae I genoem sal kragtens artikels 16 en 17 van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No. 73 van 1989), as 'n samewerkingsnatuurreservaat beheer en bestuur word.
2. Die algemene oogmerke van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet No. 73 van 1989), word nagestreef en bring mee dat privaateiendomme as deel van die beskermde natuuromgewing as 'n natuurreservaat beheer en bestuur word, met uitsluiting van enige normale of konvensionele landbou-aktiwiteite.
3. Hierdie voorskrifte moet saamgelees word met, en word aangevul deur, alle ander voorskrifte, bepalings, reëls en beginsels soos in die gedetailleerde konstitusie van die Atherstone-samewerkingsnatuurreservaat aangeteken is. Laasgenoemde is ewe bindend as die bovermelde voorskrifte en word deur die Uitvoerende Komitee van die reservaat saamgestel om die reg van betreding, beheer en bestuur daarvan te reguleer in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Omgewingsbewaring en die konstitusie van die reservaat.

The farm GROOTVLEI No. 160, Registration Division KP, Transvaal.

MEASURING one eight two six comma six two five nought (1826,6250) hectares.

The farm ZUURVERDIEND No. 167, Registration Division KP, Transvaal.

MEASURING two three nine three comma two nought eight (2393,208) hectares.

The farm RUST No. 166, Registration Division KP, Transvaal.

MEASURING two four eight seven comma eight seven three (2487,873) hectares.

The farm SUMMERFIELD No. 72, Registration Division KP, Transvaal.

MEASURING two five nought six comma two nought eight (2506,208) hectares.

The farm SUMMERFIELD NOORD No. 70, Registration Division KP, Transvaal.

MEASURING two four nought nine comma one nine nought (2409,190) hectares.

The farm SCHAAPVLEY No. 59, Registration Division KP, Transvaal.

MEASURING two four one five comma five one eight (2415,518) hectares.

Portion 0000 of the farm MOORLAND No. 47, Registration Division KP, Transvaal.

MEASURING one three six nine comma six two seven five (1369,6275) hectares.

## SCHEDULE II

### DIRECTIONS APPLICABLE TO ATHERSTONE PROTECTED NATURAL ENVIRONMENT

1. The properties mentioned in Schedule I shall be managed and controlled in accordance with sections 16 and 17 of the Environment Conservation Act, 1989 (Act No. 73 of 1989), as a collaborative nature reserve.
2. The general objectives of the Environment Conservation Act, 1989 (Act No. 73 of 1989), are pursued and entails that the private properties as a portion of the protected natural environment will be managed and controlled as a nature reserve, with the exclusion of any normal or conventional agricultural activities.
3. The directions must be read in conjunction with, and are supplemented by, all other directions, provisions, rules and principles as noted in the detailed constitution of the Atherstone Collaborative Nature Reserve. The last-mentioned will be as binding as the above-mentioned directions and are compiled by the Executive Committee of the reserve to regulate the right of entering, control and management thereof in accordance with the provisions of the Environment Conservation Act and the constitution of the reserve.

4. Alle voorskrifte, hetsy die voorskrifte wat by die Registrateur van Aktes geëndosseer is of die gedetailleerde voorskrifte soos vervat in die beskermde natuuromgewing se konstitusie, is bindend op alle tersaaklike grondeienaars en hulle opvolgers in regte.
5. Die voorskrifte bly van krag tot tyd en wyl die verklaring van die beskermde natuuromgewing deur die Administrateur of 'n ander funksionaris soos deur die Wet op Omgewingsbewaring bepaal mag word, teruggetrek word.
6. Hierdie voorskrifte sal slegs van toepassing wees op die gedeelte van die eiendomme in Bylae I vermeld waarop daar onderling by wyse van skriftelike ooreenkoms tussen die Administrateur en die betrokke grondeienaars ooreengekom is.
7. Die vervanging, intrekking of wysiging van die voorskrifte kan alleenlik deur die Administrateur goedgekeur word.

4. All directions, whether the directions endorsed by the Registrar of Deeds or the detailed directions as noted in the constitution of the protected natural environment are binding on the particular property owners as well as their successors in rights.
5. The directions will stay in effect until such time as the declaration of the protected natural environment is withdrawn by the Administrator or an other functionary as may be determined by the Environment Conservation Act.
6. These directions shall only be applicable to the portions of the properties mentioned in Schedule I which are mutually agreed upon by means of written agreement between the Administrator and the particular property owners.
7. The substitution, withdrawal or amendment of the directions may only be approved by the Administrator.

## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **ADMINISTRATEURSKENNISGEWING** | | |
| 104 | Voorgenome verklaring, toekenning en uitvaardiging van voorskrifte: Atherstone Beskermde Natuuromgewing | 1 | 4985 |


## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **ADMINISTRATOR'S NOTICE** | | |
| 104 | Intended declaration, allocation of a name to and issuing of directions: Atherstone Protected Natural Environment | 1 | 4985 |


Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pretoria

Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the Transvaal Provincial Administration, Pretoria